


WAT JY MOET WEET OOR DIE 2021 WÊRELDWAARNEMINGSLYS



NUWE ONTWIKKELINGS & SKOKKENDE REALITEITE

Mosambiek

Sedert 2017 het die provinsie van Cabo Delgado meer as 1 150 sterfgevallen in 600 aanvalle ervaar deur 'n vertakking van Al-Shabaab, wat Sharia-wette wil afdwing. Meer as 300 000 mense is weens hierdie aanvalle verdring.

Demokratiese Republiek van die Kongo

'n Verslag deur die Verenigde Nasies in 2020 beraam dat die Geallieerde Demokratiese Magte, 'n groep wat met die Islamitiese Staat verbind word en sedert die begin van 2019 meer as duisend burgerlikes doodgemaak het, moontlik oorlogsmisdade en misdade teen die mensdom gepleeg het.

China

In 'n amptelike etiekhandboek het die Chinese vertolking van godsdiens tot 'n verdraaide weergawe van die storie oor die owerspelige vrou in Johannes 8 van die Nuwe Testament gelei. Die teks sê dat Jesus die vrou gestenig het, terwyl Hy sê: "Ek is ook 'n sondaar. Maar as die wette slegs deur mans sonder gebreke uitgevoer kan word, sal die wette dood wees."


Indië en Turkye

Te midde van toenemende Hindoe-nasionalisme in Indië en Islamitiese nasionalisme in Turkye, het diegene in magsposisies godsdienstige geboue of museums van ander gelowe opgeëis om onderskeidelik Hindoe- en Islamitiese godsdienstige geboue te vestig.

Latyns-Amerika

In Mexiko maak die stryd om die koronavirus te bekamp dit moeilik om georganiseerde misdaad hok te slaan, met dwelmhandelgroepe wat hul eie Covid-19-aandklokke in vier streke afdwing. In Colombië groei georganiseerde misdaadgroepe se beheer deurdat hulle regeringsaandklokke en -beperkings tot hul eie voordeel misbruik.

VINNIGE FEITE OOR AFRIKA



- Altesaam 19 Afrikalande is op die 2021 Wêreldwaarnemingslys.
- Vier Afrikalande is onder die top 10.
- In Afrika leef een uit ses Christene in omstandighede met hoë vlakke van vervolging of diskriminasie weens hul geloof.
- Die Demokratiese Republiek van die Kongo het die top 50 vir die eerste keer ooit gehaal en is op nommer 40 weens die voortslepende geweld deur die Geallieerde Demokratiese Magte.
- Weens 'n toename in aanvalle deur Islamitiese ekstremiste die afgelope jaar, is Mosambiek vir die tweede keer sedert 1993 in die top 50 en tans in posisie nommer 45.
- Die Kerk ervaar regoor sub-Sahara Afrika 30% hoër vlakke van geweld as in die afgelope twee jaar.
- Nigerië is weereens bo-aan die lys as die gewelddadigste land vir Christene.

DIE GOEIE NUUS

Soedan

Die doodstraf vir afvalligheid is afgeskaf. Die nuwe grondwet waarborg godsdiensvryheid en sluit Sharia-wette as primêre wetgewing uit. Islam word ook nie meer as die staatsgodsdiens gespesifiseer nie.

Irak

Jong Moslem-vrywilligers ruim sedert 2017 verwoeste kerke en huise op. Hulle sê dis om verplaaste Christene aan te moedig om terug te keer en te bly, aangesien hul geskiedenis ook in hierdie deel van die Midde-Ooste gewortel is.



DANKIE!

Jou gebede en ondersteuning is nou meer as ooit tevore nodig om aan vervolgte Christene die sorg te gee wat hulle nodig het deur Bybels, traumaberading, behuising en meer, terwyl vervolging voortdurend toeneem.

Dankie dat jy God se hande en voete vir ons broers en susters is en hulle hoop gee te midde van die duisternis!